

BLOES HEKELWERK

BENODIGDHEDE: Ongeveer 600 g Coats Chain-Mercer-hekelgaring Nr. 30 (20-g-bolle); hekepen van 1 mm; 9 pèrelknopies.

MATE: Ons stel voor dat 'n papierpatroon vir dié baadjie geknip word wat die bruid netjies sal pas. Hekel die aantal motiewe dan om die patroon te bedek en sodoende die presiese vorm van die lyf te verkry. Een groot blommotief is 6 cm in deursnee.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; smst - springmieliesteek (= ses onafgewerkte langbene in dieselfde steek, saam deurgetrek); dsl - dubbelslagsteek; tr(s) - trossie (trossies) (= soveel onafgewerkte langbene of dubbelslagsteke soos genoem, in opeenvolgende steke van vorige ry, saam deurgetrek); sp(s) - spatie (spaties); st(e) - steek (steke); herh - herhaal; vlg - volgende; beg - begin; gs - glipsteek; slgs - sluitglipsteek om rondte mee af te sluit.

L.W.: 3ks vervang 1e lb van 'n rondte, 4ks vervang 1e dsl.

GROOT BLOMMOTIEF: Begin met 8ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: (1lb in ring, 2ks) 8 keer, slgs in 3e van 5ks.

2e rondte: (1lb in lb, 2ks, 1smst in 2ks-sp, 2ks) 8 keer, slgs in 3e van 5ks.

3e rondte: (1lb in lb, 1ks, 1smst in 2ks-sp, 1ks, 1lb in smst, 1ks, 1smst in 2ks-sp, 1ks, 1lb in lb, 2ks, 1lb in smst, 2ks) 4 keer, slgs in 3e van 4ks.

4e rondte: * (1lb in lb, 1ks, 1smst in 1ks-sp, 1ks, 1lb in smst, 1ks, 1smst in 1ks-sp, 1ks) 2 keer, (1lb in lb, 2ks) 2 keer; herh van * nog 3 keer, slgs in 3e van 4ks.

5e rondte: * 1kb, 2ks, 1smst in 2e 1ks-sp, 1ks, 1lb in lb, 1ks, 1smst in 2e smst, 1ks, 1lb in lb, 1ks, 1smst in 3e smst, 1ks, 1lb in lb, 1ks, 1smst in 1ks-sp vóór 4e smst, 2ks, 1kb in lb, 4ks, 3lb-tr geplaas soos volg: (1lb in 2ks-sp, 1lb in lb, 1lb in 2ks-sp), 4ks; herh vanaf * nog 3 keer, slgs in 1e kb.

6e rondte: gs oor 1e smst tot 1ks-sp, * 1kb in eerste 1ks-sp, 6ks, 1kb in 1ks-sp ná 2e smst, 5ks, 1kb in vlg 1ks-sp, 6ks, 1kb in 1ks-sp vóór 4e smst, 5ks, 5dsl in 4ks-sp, 4ks, 5dsl in vlg 4ks-sp, 5ks; herh vanaf * nog 3 keer, slgs in 1e kb.

7e rondte: gs in middel van 1e sp, * (1kb in sp, 5ks) 4 keer, 5dsl-tr in 5dsl, 5ks (1kb, 3ks, 1kb) in 4ks-sp, 5ks, 5dsl-tr in 5dsl, 5ks, 1kb in sp, 5ks; herh vanaf * nog 3 keer, knip garing af en werk netjies af.

Die volgende 3 groot blomme moet aan eerste blom vasgehekel word om 'n vierkant te vorm met 'n opening in die middel vir 'n klein vulmotief.

Hekel motiewe in laaste rondte só met kb aanmekaar: dié dsl-tr aan dsl-tr, 5ks, 1kb in 1e sp, dan (2ks, 1kb in 5ks-sp van 1e blom, 2ks, 1kb in 5ks-sp van vorige rondte) 4keer, 5ks, 5dsl-tr in 5dsl, 1kb in tr van 1e blom, 5ks, (1kb, 3ks, 1kb) in 4ks-sp, ens.

KLEIN BLOMMOTIEF: Hekel eerste 2 rondtes soos groot blommotief.

3e rondte: (verbindingsrondte): (1lb in lb, 1smst in 2ks-sp, 1ks, 1lb in smst, 1ks, verbindings-kb in 3ks-sp van groot blom, 1ks, 1smst in 2ks-sp, 1ks, 1lb in lb, 2ks, 1lb in smst, verbind met 1lb aan 1kb-verbinding tussen dsl-trs, 2ks, 1lb in lb, 1ks, 1smst in 2ks-sp, 1ks, 1lb in smst, 1ks) 4 keer, knip garing af en werk netjies af.

Hekel soveel motiewe soos benodig en hekel hulle vas na gelang jy vorder.

Trou in dié tuisgemaakte couture-skepping! Die gehekeld bostuk word met katoen afgerond en 'n rompf met twee lintgetooide valle voltooi die uitrusting.

Deur dit later met ander kledingstukke te kombineer, kan jy sommer baie lank nog nut uit dié trourokkie kry

foto's RUI VIEIRA



Tuisgemaak vir die jong bruid

Hier en daar is dit onnodig om met klein motiewe in te vul, soos by die mousgate, om die nodige ronding te verkry.

AFWERKING

BENODIGDHEDE: 50 cm wit katoenstof of linne, 115 cm breed; wit garing; 5 knopies; 5 drukknopies; 1,25 m pienk satynlint, 2 mm breed; 1 m pienk satynlint, 7 mm breed; ongeveer 50 cm rek vir mouvalletjie; vasstryk-vilene; papier vir patroon.

KNIPWERK: Daar is 4 onderdele nodig om die hekelbloes mee af te werk, naamlik 'n onderste en boonste halsval en 2 voorpant-

opmekaar. Met regte kante opmekaar, speld en stik een voorpantstrook aan voorrand van hekelbloes vas sodat die strook bo en onder 1,5 cm verbystee. Vou band oorlangs dubbel, en met regte kante opmekaar, stik kort kante toe. Dop na regte kant om. Vou oorblywende helfte van voorpantstrook, 1,5 cm na verkeerde kant om en werk dit met onsigbare stekies aan vorige stiksel vas.

Doen dieselfde met die ander voorpantstrook.

Werk drukknopies, 10 cm uitmekaar, op voorpantstroke vas sodat die bloes regs op links vasmaak. Werk 'n knopie bo-op voorpantstrook op elke drukknopie vas.

Soom lang en kort kante van onderste en

rek, so lank soos benodig, aan verkeerde kant van mou vas, ongeveer 8 cm van mourand af. Bind twee strikke met 7 mm breë satynlint en werk 'n strik op elke mouvalletjie vas.

ROMP

BENODIGDHEDE: 1,50 m katoenstof of linne, 115 cm breed; 20-cm-ritssluiters; 1 knoop; wit garing; 4,50 m pienk satynlint, 12 mm breed; 3,50 m pienk satynlint, 7 mm breed; 4 m wit satynlint, 12 mm breed; vasstryk-vilene vir middelband; papier vir patroon.

MATE: Om middeltjie van 68 cm te pas.

KNIP VAN PATROON: Die patroon bestaan uit drie onderdele, naamlik middelband, eerste rompvat en tweede rompvat. Die middelband is 74 x 9 cm (knip 1); die eerste rompvat is 115 x 30 cm (knip 1) en die tweede rompvat is 115 x 50 cm (knip 2). Knip dié patroononderdele uit papier en gebruik die papierpatroon dan om die pante uit katoenstof te knip.

Naattoelatings van 1,5 cm is ingesluit en vir die soom is 2 cm toegelaat.

AANWYSINGS: Al die nate word gestik met regte kante opmekaar.

Stik kort kante van eerste rompvat aan mekaar vas om middelagternaat te vorm, maar los 20 cm oop vir ritssluiters. Werk naat netjies af en stryk oop. Stik ritssluiters in middelagternaat vas. Stik pienk satynlint van 7 mm breed, 5 cm van onderste rafelrand af om val vas.

Stik kort kante van tweede rompvat aan mekaar vas om synate te vorm. Plooi boonste rafelrand in. Speld en stik ingeplooië rand in posisie aan eerste val vas. Werk naat netjies af en stryk.

Soom tweede rompvat 2 cm breed om en stik die 12 mm breë pienk satynlint 1,5 cm van soom af en die 7 mm breë pienk satynlint 4,5 cm van soom af, rondom vas.

Stryk vilene aan verkeerde kant van middelband vas. Vou middelband oorlangs dubbel, met regte kante opmekaar, en stik kort kante toe. Dop na regte kant om en stryk. Plooi boonste rand van romp in. Speld en stik dié rand van romp aan middelband vas. Maak 'n knoopsgat in band en werk 'n knoop daarteenoor vas.

Gordel: Neem 2 m pienk satynlint, 12 mm breed en 2 x 2-m-stukke wit satynlint, 12 mm breed en knoop die drie stukke lint aan mekaar vas, 50 cm van eindpunte af. Vleg die linte tot vlegsels 68 cm lank is en knoop weer die linte. Knip eindpunte gelyk. Los gordel net so, of knip wit satynlint by knope af, soos ons gedoen het (raadpleeg foto). Werk gordel in sye aan middelband vas. ●



stroke. Geen patroon word hiervoor gegee nie, net die mate en dié is soos volg: Onderste halsval, 115 x 15 cm; boonste halsval, 115 x 12 cm; voorpantstroke, elk 60 x 9 cm.

Knip dié onderdele eers uit papier en gebruik die papierpatroon dan om die pante uit die katoenstof of linne te knip.

Nate van 1 cm is ingesluit en vir die some van die halsvalle is 1,5 cm bygevoeg.

AANWYSINGS: Stryk vilene aan verkeerde kant van voorpantstroke vas. Vou stroke oorlangs dubbel met verkeerde kante

boonstehalsvalle 1,5 cm breed om. Stik pienk satynlint van 2 mm op boonste val vas, 2 cm van val se onderste soom af. Speld en ryg verkeerde kant van boonste halsval op regte kant van onderste halsval vas met boonste rande opmekaar. Die onderste val is 3 cm langer as boonste. Plooi valle met twee rye stiksel 3 cm van boonste rande af in om om bloes se hals te pas. Speld ingeplooië valle in posisie om hals vas (raadpleeg foto). Stik valle in posisie vas.

Om hekelbloes se moue in te plooi, sigsag